

REDAKSIES

Kaapstad
Redakteur: Adriaan Haak
haakfam@telkomsa.net
Lede: Corlia Drijfhout,
Elise Geerts, Bianca Nicholson

Pretoria-Maranata
Redaktrise: Linda de Vente
gdevente@global.co.za
Lede: Wilna Kerkhoff,
Hendriët Pouwels
Finansies: Cornelia Kerkhoff

Pretoria
Redaktrise: Liza de Vente
liza@magalies.net
Lede: Mariëtte Bron, Eric Danielz,
Willem de Jager,
Arjan van Houwelingen
Administrasie: Janita Agema

Johannesburg
Kontakpersone / Artikelversorgers
Leo Boessenkool, Pauline Sejdilitz
Marcia Anholts

ADMINISTRASIE

Litleg
Marlene de Vente
marlene.devente@gmail.com
Illustrasies & voorblad:
Alex van Houwelingen

Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee.

Indien u Die Olielamp per e-pos wil ontvang,
kan u inteken op die Internet by
<http://www.vgk.org.za/olielamp/subscribe.php>

Hierdie uitgawe is ook elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Redaksioneel

Liewe lesers,

Ons staan al weer nader aan die einde van nog 'n jaar. Dit beteken vir baie vakansie, feestyd, maar vir die jeug beteken dit ook kongres. 'n Gebeurtenis waarna baie uitsien! Hierdie jaar is die tema: "toekomsverwagting" waaroor daar vier lesings gehou sal word. Ons hoop die kongres gaan 'n reuse sukses wees en dat die jeug mekaar beter sal leer ken, sodat ons as jeug saam kan staan in die geloof.

Aangesien dit ook die laaste uitgawe van die jaar is, wil ek ook graag van die geleentheid gebruik maak om al die skrywers te bedank vir hul insettinge en bereidwilligheid. Sonder julle sou die blad nie kon bestaan nie! Ek wil ook die mense wat ons blad ondersteun en lees het bedank.

Ons sal dit ook waardeer as julle vir ons terugvoering gee oor areas waar die blad kan verbeter, dinge waarop ons meer kan fokus, asook nuwe idees is welkom. Ons wil graag op die beste manier wat ons kan God se Naam prys, Sy Woord versprei en onder mekaar deel.

Ek hoop julle geniet hierdie uitgawe so baie soos julle die komende feestyd gaan geniet. Ek wens ook die Here se beskerming oor julle waar ook julle mag gaan. Gaan in vrede!

Kaapstad,
Adriaan

IN HIERDIE UITGAWE

| | |
|---|-----------|
| Redaksioneel | 2 |
| Uit die Woord | 3 |
| Christus is my lewe..... | 3 |
| Die verbond verbond met Abraham (Gen. 15) | 5 |
| Oppad | 6 |
| God se bevrydende verbond deur die eeue..... | 6 |
| Godsdienst – ’n nuwe era (III)..... | 7 |
| Voel jy ook so? | 8 |
| Geld en goed | 8 |
| Homoseksueel of homofiel?..... | 9 |
| Kent Hovind..... | 10 |
| Voetspore | 11 |
| Deur die sleutelgat | 12 |

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 14 Januarie 2007

Uit die Woord

Christus is my lewe

Matthijs van der Hout

Filippense 1:21-26

Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins. Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie. Want ek word van weerskante gedring: ek het verlanget om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil. En dit vertrou en weet ek dat ek sal bly, ja, saam met julle almal sal bly tot julle bevordering en blydschap in die geloof, sodat julle roem oor my oorvloedig kan wees in Christus Jesus deur my teenwoordigheid weer by julle.

Filippense 2:5-8

Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as ’n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

“...want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.” Fil 1:21

Die hemelvaart van Christus kan die gedagte by ’n mens versterk dat Jesus in die hemel is en nie op die aarde nie. Die gevolg kan wees dat Jesus Christus vir jou Iemand ver weg is en dat Hy nie vir jou ’n daaglikse werklikheid is nie. Jesus het egter belowe: “En kyk, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. Amen.” (Matt. 28:20).

Dit is belangrik dat Christus Jesus ’n daaglikse en teenwoordige werklikheid is. Jesus was vir die apostel Paulus, na sy bekering, die daaglikse kragbron en doel van sy lewe. Hy bely dan ook: “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” (Gal. 2:20). In die brief aan die Filippense gee Paulus dan ook aan ons pragtige perspektief op Christus se beheersing van ons daaglikse lewe.

Stilstaan

Moontlik?

*Om jousef besig te hou met
Satan se moontlikhede – dit is
bekommerd wees.*

*Ja, Satan hou daarvan as ons
bekommerd is, want dan vertrou
ons nie op die Almagtigheid
(onmoontlike is moontlik) van
God nie.*

*Laat ons liever ons lewens – elke
dag daarvan – onbekommerd in
God se hande lê.*

*Dan word Sy moontlikhede
óns moontlikhede!*

En dit is oneindig...

Christus is my lewe

In Filippense 1:21 sê Paulus dat Christus sy lewe is. Daarmee bedoel hy dat Christus die middelpunt van sy daaglikse lewe is en dat hy daarna streef om elke oomblik in 'n persoonlike verhouding van vertroue, liefde en dankbaarheid met Christus te lewe. In vers 20 spreek Paulus dan ook sy strewe uit om in alles wat hy doen, Christus te verheerlik. In Lukas 9:57-62 wys Jesus hoe ons Hom moet volg. Wat belangrik is, is dat Jesus leef. Hy is die lewe! Volg Hom! Hy het die dood oorwin. Daarom mag ons ook vir ewig lewe. In die belydenis van ons geloof mag ons getuig van die lewe.

Christus se voorbeeld

Die invloed van Christus in die praktyk van ons lewe beteken ook dat ons Sy voorbeeld moet navolg. In Filippense 2:5-8 verwys Paulus na Jesus se voorbeeld van nederigheid. Jesus as God was bereid om die minste te wees en 'n mens te word om in ons plek te sterf. So moet ons as gelowiges ook in nederigheid mekaar dien.

In Johannes 13 wys Christus Sy diensbaarheid en liefde deur die voete van Sy dissipels te was. Daarmee het Hy 'n voorbeeld gestel wat ons ook moet navolg. Petrus sê dat Jesus se voorbeeld vir ons so werklik moet wees dat ons elke dag in sy voetspore moet loop (1 Pet. 2:21).

Christus die belangrikste

Ons staan in die stroom van die lewe en ons word oorspoel deur baie aktiwiteite en 'n vol program. So maklik kan aardse dinge vir ons te belangrik word. Dit wil nie sê dat dinge op aarde nie belangrik is nie. In Filippense 3:7-9 vestig Paulus die aandag daarop, dat om Christus te ken, die waardevolste besitting is, want in Hom is ons van sondeskuld en van die ewige dood vrygespreek. Dit moet dan ook in ons daaglikse lewe uitkom dat Christus ons Verlosser en Saligmaker is.

Christus die bron van ons blydschap

Paulus skrywe die Filippense brief vanuit die tronk. Tog praat hy van blydschap (Fil. 4:4-7). Met die seker wete van Christus se verlossingswerk en die nabyheid van die Heilige Gees, kan ons in moeilike tye van blydschap praat. Wat gee volkome en egte blydschap (1 Joh. 1:4)? Dit is om ons Verlosser te ken. Jesus verstaan ons behoeftes omdat Hy volkome mens was, maar ook omdat Hy volkome God is. Ons blyskap in Christus moet so oorfloedig wees dat dit nie binne ons kan en mag bly nie. Laat ons getuig van God se genade.

Christus die bron van krag

Ons ken die bekende woorde in Filippense 4:13: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." Met hierdie belydenis beklemtoon Paulus die voordurende teenwoordigheid van Jesus Christus in sy lewe. As gelowiges mag ons dit almal bely. Christus is die kragbron, die voleinder van ons lewe.

Bron: Blinkpad – Dr. Kobus van der Walt

Die verbond verbond met Abraham (Gen. 15)

Arie Roos

"Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: 'Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan.' Verder sê die Here vir hom: 'So baie sal jou nageslag wees'" (Gen. 15:5)

"Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abraham en vir hom gesê: 'Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af, tot by die Eufraat, die groot rivier;" (Gen. 15:18)

Die volle belofte

Uit die beloftes wat God met Abraham maak, kan 'n mens sien dat God goed is. Soos enige getroude paartjie wil Abraham en Sarai kinders hê, maar hulle kan nie. Sarai is onvrugbaar. En toe Abraham en Sarai elkeen stokou mense van rondom 90 was, het God 'n nageslag aan Abraham belowe. Nog meer: 'n nageslag wat so baie is soos die sterre van die hemel.

Die belofte van 'n nageslag was nie al wat aan Abraham belowe is nie. Wat help dit om 'n nageslag te hê as die arme mense nie 'n land het om in te woon nie? En wat help dit jy het 'n land, maar nie 'n nageslag om in die land te woon nie? Daarom belowe God twee dinge aan Abraham: 'n nageslag en 'n land. Die belofte is dus nie net 'n halwe belofte nie, maar 'n volle belofte.

So het God vir ons ook 'n volle belofte gegee: 'n verlosser en 'n ewige lewe. Ons is nie net verlos van ons ewige dood nie. Ons het ook die sekerheid dat ons die ewige lewe gekry.

"'Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.'" (Gen. 17:7)

Dieselfde verbond en dieselfde God

Die verbond wat God met Abraham gemaak het hou vir ewig. Dit wil sê die verbond het nie gestop toe Abraham doodgegaan het nie. Die verbond betrek ook Abraham se nageslag. Dit beteken dat die genadeverbond gesluit is met al die Christene wêreldwyd. Die verbond is ook gesluit met jou.

Die God van Abraham is ook immers dieselfde God as wat ons nou het. God verander nie. Al is die verbond al vervul, het ons nog steeds die doop soos wat Abraham destyds die besnydenis gehad het. Die betekenis verskil nou net 'n klein bietjie, maar die verbond is nog steeds daar. Waar die besnydenis jou destyds deel gemaak het van die Israelitiese volk kan 'n mens nou sê dat die doop jou by God se heilige volk insluit en jou deel maak van die Hemelse koninkryk. Die doop maak 'n mens dus ook deel van Abraham se nakomelinge (Gal. 3:29).

Laat ons nou lewe met die blye wete dat ons 'n Verlosser en 'n ewige lewe het. Ons kan ook bly wees oor ons deel wees van die liggaam van Christus.

*In God's eyes it is far more important
why we do something
than that we do something,
even the good things.*

God se bevrydende verbond deur die eeue

Albert P Drijfhout

God het by die skepping met die mens 'n verbond gesluit. 'n Pragtige verbond waarin Hy Hom aan ons mense kom verbind het. Soos ons egter weet het die mens die verbond verbreek en val die hele menslike geslag daarom onder God se oordeel. Danksy Christus mag ons egter weer tot God nader en aan Sy tafel sit. Wat 'n wonderlike wete! Maar wat nou van die verbond? Wat beteken dit vandag? Het dit nog betekenis? Is dit nog relevant? Ons lewe tog in die Nuwe Testamentiese era, d.w.s. ons lewe uit genade, dan is daar tog nie meer plek vir 'n verbond met bedreigings en oordele nie? Dit is vrae wat mens gereeld hoor. Daarom is dit goed om miskien weer 'n keer te kyk na die plek wat die verbond vandag het.

Om die plek van die verbond vandag te verstaan moet ons egter eers kyk na die oorsprong van die verbond (en hoe dit deur die eeue 'n plek gehad het).

God skep die mens en dan byna direk in Genesis 1:28 beloof Hy om die mens te seën. Hy stel hul dan aan as opsigters op die aarde. Die opsigterstaak bring egter ook verantwoordelikhede mee. Ons moet heers oor die aarde, maar dan wel goed en in ooreenstemming met Sy wil. Dit is immers Sy aarde en ons Sy skepsels. Hier is dus duidelik sprake van eerstens 'n belofte en tweedens 'n opdrag (bevel). God se bevel is egter nie sommerknie nie. Hy laat dit nie aan ons oor, of ons dit wil doen of nie. As Hy, die Almagtige, bevel moet daar gehoorsaam word. Dit is hoe God Hom openbaar in Genesis 2:27. Hy maak duidelik dat op ongehoorsaamheid, straf volg (bedreiging).

Ons almal ken die geskiedenis en weet ook hoe dit verder gaan. Die mens is ongehoorsaam, hy eet van die boom waarvan hy bevel is om nie te eet nie. Hy draai Sy rug op God, verwaand op soek na eie mag. Die mens dink dat hy kan lewe buite die verbond, maar as God hom

opsoek in die tuin besef hy gou dat daar buite die verbond net die dood is. Daarom probeer hy desperaat wegkruip vir God met Sy oordeel wat 'n gewisse dood beteken.

Na regte kon God die mens laat sterf, maar Hy doen dit nie. Die ongelooflike gebeur! Hy herstel Sy verbond! Hy doen dit egter nie op 'n ligtelike manier nie. Hy sê nie: "Ag toemaar, hierdie keer sal ek maak of ek niks gesien het nie." Nee, dan sou Hy immers 'n onregverdige God gewees het, wat is soos die golwe van die see. Nee, Sy woord bly vasstaan. As daar oortree is moet daar gestraf word. Daarom beloof Hy in Genesis 3:15 om Sy Seun na die aarde te stuur om vir ons sondes te betaal. So kan ons dan weer staan in die Verbond asof ons aan al die vereistes voldoen het. Die band tussen God en ons is herstel, want daar is vir ons skulde betaal!

Ongelukkig het dit egter nie so gebly nie. Keer op keer het die mens deur die geskiedenis sy rug op God gedraai en teen Hom gesondig. So erg was dit selfs in die dae van Noag, dat die Here besluit het om die mens na hul werke te straf. Hy bring 'n vloed waarin hul almal verdrink. In Sy wonderlike genade besluit Hy egter om Noag te spaar en Sy verbond met Noag en sy nageslag te hernu (Genesis 9:1-17).

Dit duur egter nie lank voor die mense weer rebelleer. Hul wil nie meer God se kinders wees nie. Hulle wil God self wees! Daarom begin hul bou aan 'n toring. Hul sê vir mekaar dat hul sal bou tot in die hemel en God se troon sal oorneem! Maar God maak hul plan met spraakverwarring tot niet en verstrooi hul oor die hele aarde.

Hy vergeet egter nie Sy belofte nie. Die mens hou dalk nie sy deel van die afspraak nie, maar God die almagtige doen altyd Sy beloftes gestand. Hy het beloof dat die Christus sal kom en daarom sal Hy dit ook doen. Met dié doel vernuwe Hy weereens Sy verbond. Maar nie

met alle mense nie. In Abraham vernuwe Hy Sy Verbond met net een volk, naamlik Israel. Hy maak hulle tot Sy kinders, sodat uit hul die Christus gebore kan word.

Twee duisend jaar gelede het dit dan ook gebeur. Christus is gebore om so die verbond finaal te herstel. Israel, die volk met wie God so lank telkens weer Sy verbond hernu het, wou egter niks weet van die Verlosser nie. Hul het Hom selfs gekruisig. Hul het hul rug op God en Sy verbond gedraai. Die Here is egter vol van genade. Eerder as om verder te gaan met 'n klein deel van Israel, besluit Hy om Sy verbond te vernuwe met mense uit alle volke, nasies en tale!

Hoe wonderlik is dit nie. Ons is weer terug by die verbond soos dit in Adam was, waar die Here na al die nasies en volke gekom het in Adam. Nou ook weer in die Tweede Adam kom Hy met Sy beloftes na al die volke oor die hele aarde. Uit al die nasies maak Hy vir Hom 'n volk bymekaar, wat mag leef in die genade van Sy verbond.

As ons nou weer kyk na die vrae wat in die inleidingsparagraaf gevra is kan ons met dankbaarheid uitjubel dat die Verbond nog steeds bestaan. Ons mag nog steeds net soos in die Ou Testament leef uit die genade van God se beloftes. Met die wete dat God se bevel ook nie meer 'n las nie, maar eerder iets wat ons uit dankbaarheid graag wil doen.

En die bedreiging, die oordeel? Christus het ons vrygekoop. Elke dag weer mag ons dit weet. Nooit meer sal 'n sondvloed ons wegvee voor God se aangesig nie. Elke keer weer mag ons ondanks ons sondes, nader tot God se troon in Christus. Beteken dit dat God se oordeel nou nie meer bestaan nie? Nee glad nie, dit sou immers beteken dat Hy onregverdig is. Oor almal se sondes brand God se toorn en wraak. Die vyande van God se kerk wat buite die reddende verbond om wil leef stort neer onder die skroeiende vuur. Dié wat egter leef in God se verbond mag skuiling soek in die genade van die kruis. Laat ons die Vader ewig dank daarvoor!

Godsdiens – 'n nuwe era (III)

Oom Hilko

*“..want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot **fabels.**” (2 Tim. 4: 3-4)*

In die Christelike kerke is daar 'n steeds groter wordende breuk sigbaar. Hierdie breuk is tussen die s.g. fundamentaliste wat die Bybel as die kompleete Woord van God beskou en dit letterlik opneem; en aan die ander kant, die wat die Bybelse kanon uit 'n meer 'wetenskaplike' oogpunt lees en dit nie as die absolute Woord van God beskou nie. Hierdie breuk is aangehelp deur die groot hoeveelheid 'navorsing' wat die afgelope tyd gedoen is oor die Christendom van die eerste paar eeue AD. Die ontdekking van ou boekrolle in Egipte word deur baie net so belangrik beskou as die ontdekking van die dooiesee-rolle in die Jordaanvallei. Die nuut-ontdekte boekrolle was blykbaar deur die destydse ortodokse kerk verbied gewees.

In die boek van Thomas word die klem nie gelê op die kruisdood nie, maar op Jesus as ons

oudste 'broer' in die geloof. In die geloof kan almal dieselfde vlak as Hy bereik. 'n Bron sê hieroor die volgende: “Hierdie opvatting spreek weer vandag op 'n besondere manier tot die mense van die 21 ste eeu. Die invloedryke Amerikaanse “Jesus-seminaar” wat bestaan uit van die wêreld se bekenste skrifkenners, het reeds die evangelie van Thomas ingesluit in sy nuwe vertaling, genaamd The Five Gospels.”

“Nuwe navorsing toon dat hierdie vorm van die Christendom sterk was in die eerste eeue na Christus se dood en dat talle Christene nooit aanvaar het dat Jesus se dood enige besondere geloofswaarde het, of dat Hy letterlik uit die dood opgestaan het nie.”

(Uit die boek: Mōre is 'n nuwe spel – 'n Toekomstvisie: deur dr Piet Mulder.)

In TV programme word s.g. evangelies populêr 'wetenskaplik' voorgestel. In die evangelie van Judas word beweer dat Judas eintlik die held is wat Jesus 'n guns gedoen het om Hom te verrai. In die "Da Vinci Code" word beweer dat Jesus met Maria getroud was. Ook dat Maria vereer was.

Alhoewel die skrywer erken dat die "Da Vinci Code" fantasie is, word dit in die film as wetenskap voorgehou. Mense wat swak is in die geloof word hierdeur tot twyfel gebring. Met aannames, hipoteses, halwe waarhede en halwe leuens word die **leuen** baie aantreklik voorgehou en verpak.

Gereformeerdes word aangespreek deur die nuwe beweging die Nuwe hervorming te noem. Het gereformeerdes nie voorgekom uit die Hervorming van die 16de eeu nie? Het ons vandag nie weer 'n Luther en Calvyn nodig om die Nuwe Hervorming te lei nie? Hierdie is egter nie 'n stryd vir die Waarheid nie, maar is misleiding deur die vader van die leuen, die Satan.

Wees op julle hoede vir die moderne **fabels**.

🎯 Voel jy ook so?

Geld en goed

Johan de Vries

Is dit nie opvallend nie dat wanneer jy 'n gesprek aan die gang wil kry, jy maar net oor geld of goed kan begin gesels! Die pryse wat so styg, salarisse of sakgeld wat nie tred hou nie, jongmense wat nie waarde van geld ken nie, ensovoorts.

Dit is 'n onderwerp wat al baie bespreek is – wat holrug gery is. Soms is 'n mens bang dat ons te veel begaan is oor geld en goed en te min oor die geestelike rykdom.

Die Prediker was ook 'n man wat hom besig gehou het met die soeke na die betekenis van geld en besittings vir mense. Hy het dit self uitgetoets. Geïnspireer deur die Heilige Gees kom hy tot die konklusie dat God aan die mens rykdom en besittings gee en hom dit laat geniet. God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit wat jy het, ontvang jy van God. Jy sal nooit méér op aarde besit as wat God vir jou bepaal het nie. Juis daarom behoort Christene tevrede te wees met wat hulle het, en nie **gierig te wees nie maar dankbaar!**

Die Kategismus praat van "gierigheid". Dit is die uitermate groot begeerte om te behou wat jy het. Daarmee saam ook die begeerte om jou besittings te vermeerder. Die mense vir wie geld alles is, het nooit genoeg nie. Paulus waarsku ook dat geldgierigheid die wortel is van

allerlei kwaad. Wie net geld najaag, word later 'n slaaf van die drang om net meer te vind. In plaas van om vergenoegd en rustig te wees word die lewe van die gelowiges dan gekenmerk deur onrus, gejaagdheid, kommer, haat en jaloesie. Daardie mens wil nie net rentmeester wees nie maar eienaar.

Teenoor gierigheid is die christelike manier van omgaan met jou besittings vrygewigheid. Allereers vir diens aan die Here, tot instandhouding van sy erediens, die kerk en alles wat daarmee saamgaan. Daarna die bereidwilligheid om aan jou naaste wat gebrek ly mee te deel. Nie net deur die verkryging en hantering van ons geld kan ons Mammon dien nie, maar ook deur in 'n sondige verkwisting van geld te verval. Teenoor gierigheid vind 'n mens vermorsing. Jy bestee dan die gawes van God op 'n sondige manier.

Hier moet ons ook onthou dat alles wat ons het ook aan die Here behoort. Wie sy geld en besittings dus moedswilliglik verkwis, mors met die Here se goed. Die tragiese is dat die sondige verkwisting van God se gawes dieselfde uitwerking het, as sondige gierigheid: gebrek as gevolg van ongedissiplineerde verkwisting lei tot bekommernis en besorgdheid, en tot 'n voortdurende soeke na middele om die tekort aan te vul. Jy word dan weer 'n slaaf van die soeke na geld en besittings. Die teenvoeter

hiervoor is om op 'n verantwoordelike manier rentmeester te wees oor dit waarmee God jou vertrou. **BESTEE MET OORLEG, HOU JOU PRIORITEITE REG, MOENIE GENOT EN LUUKSHEID VOOROP STEL NIE, MAAR SORG VIR DIE NOODSAAKLIKSTE EERSTE.**

Deur die verlossing van Christus word ons verander van slawe van Mammon na dienaars van God. Hy het my vrygemaak van die

slawerny aan geld en die goudduiwel. Nou is jy as Christen deur Christus in staat om jou geld te beheer en word jy nie daardeur beheers nie. Uit sy hand ontvang ek alles wat ek het. Deur sy almag dra Hy my deur al die afgronde van 'n geldmal-wêreld. Tot sy eer kan ek alles wat ek besit gebruik en met vreugde daarmee omgaan.

Homoseksueel of homofiel?

Jacqueline Zielman

Is daar 'n verskil tussen die twee? Ja, baie beslis.

Homofiel is mans/vrouens wat aangetrokke voel tot dieselfde geslag, maar hulle bring dit nie in praktyk nie. Homoseksueel is iemand wat dit wel in praktyk uitleef.

Is dit verkeerd om homofiel te wees? Is jy dan abnormaal? Hoekom voel jy so? Is dit vir die HERE 'n gruwel? Hierdie is waarskynlike vrae wat by Christen homofiele voorkom.

Bestaan daar Christen homofiele? Ja, ons almal is in sonde ontvang en gebore. Dis nie 'n sonde om homofiel te wees nie (daar is mense wat so gebore word) maar sodra jy dit begin uitleef is dit wel verkeerd (*daar is mense wat so "gekweek" word deur invloed van ander mense*). 'n Homofiel is niks minder of slegter as enige een van ons nie en daarom moet ons, as Christene, hulle ook normaal hanteer en hulle help om die stryd te stry. Ek dink nie dit is maklik om so 'n stryd te stry nie. 'n Mens moet sterk wees om teen dié sondes in te gaan. Sonder God sal niemand sterk kan staan nie. Die gebed, wat ons almal aan ons Hemelse Vader moet rig, is veral belangrik. Ons lewe in afhanklikheid van Hom. Hy het ons op hierdie aarde gesit met 'n doel, ongeag homofiel of heterofiel. God gebruik ons almal om Sy taak te volbring.

Homofiele kom algemeen voor. Sulke mense het iemand nodig om op te vertrou en hulle te help, dis ook ons plig as Christene om hulle nie te vermy nie en ook vir hulle te bid. Om jou

verhouding met God reg te hou is ook belangrik, Hy sal ook dan vir jou krag gee.

Kan 'n homofiel sê dat God sy Vader en Maker is? Mag hy dan ook belydenis van geloof af lê? Ja, dit mag, veral omdat hy/sy so "anders" is en dan so maklik van God kan vervreem as die Here dit nie verhoed nie. Hy/sy moet ook volhard in die geloof en geduld hê in alle teëspoed.

Om 'n aktiewe homo te wees is beslis verkeerd. Dit word baie duidelik vir ons in die Bybel gestel. Ons kan kyk na Rom. 1:24-28. Paulus skryf dat jy jou liggaam nie mag onteer nie. Ook in 1 Kor. 6:18-20 word dit verbied om seksueel losbandig te lewe. Jy onteer jou eie liggaam as jy so lewe. Lev. 18:22 " *met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.*" Daar word ook in die hoofstuk gesê dat almal wat hulle met sulke gruweldade besig hou uitgeroei of doodgemaak moet word (vers 29). Die HERE verbied dit dus baie duidelik in Sy Woord. Nog 'n paar verse wat dit verbied: Lev. 20:13; Deut. 23:17; 1 Kor. 6:9,10.

Ons liggaam is 'n tempel van God en daarom moet ons dit ook heilig hou. Om dit te kan doen moet ons God vra om ons te help want uit onself is ons te swak.

Bronne:
Kavels tarwe in de woestijn – Jannes Jansen
Pastoraal perspectief – Oosterbaan en Le Cointre 1989
Die Bybel

Kent Hovind

Johan Bijker



Kent Hovind is 'n onderwyser wat wetenskap op hoërskole in Amerika aangebied het. Na 14 jare van onderrig het hy die "Creation Science Evangelism" organisasie opgerig. Hierdie organisasie se doel is om seminare aan te bied wat handel oor

die skepping, evolusie en dinosourusse. Hy noem self dat hy die Bybel as God se onfeilbare Woord aanvaar, en verwerp daarom die evolusie-teorie en alles wat daarmee saamgaan. Teenoor evolusie stel hy die skepping van ongeveer 6000 jaar gelede.

Sy seminare kan gratis van die internet afgelaai word (www.drdino.com) en is ook beskikbaar op DVD's. Die meeste van sy materiaal het geen kopiereg op nie en mag vrylik versprei word. Buiten die seminare bied hy ook praatjies oor die radio aan.

Die "Hovind theory" is sy siening oor die oorsake en effekte wat die vloed op die aarde gehad het. Volgens hom het Noag die ark gebou net voor 'n ysmeteoriet die aarde bereik het. Die ysmeteoriet het in die ruimte opgebreek en van die ys het op die aarde se Noord- en Suidpool geval. Dit het veroorsaak dat die aarde se rotasie-as geskuif het, en ook dat die aarde se kors gebars het sodat "fonteine van die groot wervloed" (Gen. 7:11) oopgebreek het. 'n Beskermende laag water om die aarde is ook in die proses vernietig, wat tot gevolg het dat mense en diere se lewensyd heelwat verkort is. Dinosaursse of drake was dan ook reptiele wat juis as gevolg van die lang lewensjare voor die vloed ongelooflik groot geword het. Tydens die vloed het die plante en diere wat begrawe is in onderskeidelik steenkool en olie verander.

Alhoewel sy teorie redelik aanvaarbaar klink, is alles op die einde van die dag net spekulasie. Daar is ook heelwat mense wat kritiek op hierdie teorie het.

Kent Hovind het 'n prys van \$250 000 aangebied vir iemand wat kan bewys dat evolusie tussen verskillende spesies wel plaasgevind het. Juis

deur hierdie aanbod het hy baie kritiek gekry. "Answers in Genesis", 'n instansie wat ook in die skepping glo, het spesifiek 'n artikel teen hierdie aanbod van Kent Hovind geskryf om aan te dui dat hulle nie noodwendig met al sy standpunte en handelwyses saamstem nie.

In September 2006 sou Kent Hovind na Suid-Afrika gekom het om hier lesings aan te bied. Juis toe was hy in die middel van 'n regstryd gewikkel, en is hy verbied om Amerika te verlaat. Al sy lesings is uiteindelik gekanselleer en begin November 2006 is Kent Hovind skuldig bevind op aanklag van belastingontduiking. Hy word aangehou tot vonnisoplegging in Januarie 2007.

So wat het fout gegaan? En kan ons nog iets uit sy seminare leer, of is dit alles net leuens?

Na my mening is dit goed om wel na sy seminare te kyk. Dit is wonderlik om te besef dat daar ook ander mense is wat nog in God se Woord glo en wil opstaan daarvoor. Van die bewyse wat hy teen evolusie noem is baie geldig. Verder het hy ook heelwat ondervinding in die onderwys opgedoen en is hy bewus van hoe baie evolusie in skoolhandboeke geadverteer word.

Sy seminare is egter lank en ten tye moeilik om te verteer. Hy herhaal baie dinge en wil graag voorkom asof hy antwoorde op alles het. Daarby moet ek ook noem dat jy nie alles wat hy sê moet glo nie. Sy sogenaamde "wacky quotes" maak hom nie besonder gewild nie en dit is daarom ook nie snaaks dat daar baie anti-Hovind webwerwe bestaan nie. Van sy bewerings is onder andere dat die Amerikaanse regering UFO's besit, 'n geneesmiddel teen kanker terughou, self verantwoordelik vir die 11 September aanvalle is, vigs en ander siektes in 'n laboratorium ontwikkel het en chemikalieë in die atmosfeer spuit vir duistere motiewe. Hoewel hy nie pertinent hierdie bewerings in sy evolusie seminare noem nie, kom dit tog duidelik te voorskyn in sy radio praatjies.

Dit is juis sy siening oor belasting wat hom ook in die moeilikheid laat beland het. Sy siening is dat die geld wat hy deur Creation Science Evangelism verdien het God se geld is en daarom hoef hy nie belasting daarop te betaal nie. 'n Mens wonder dan wat van "betaal aan die keiser wat die keiser toekom" (Matt. 22:21)

geword het. Deur sy seminare en veral ook sy "Dinosaur Adventure Land" het hy blykbaar jaarliks tot 'n miljoen dollar as inkomste gehad.

Sy skuldigbevinding het natuurlik anti-Hovind mense groot laat glimlag. Dit is ongelukkig die gevaar van om vasgevang in jou eie teorieë te raak. Nou kan mense maklik ook al sy werk teen evolusie bevraagteken en selfs alle mense wat in die skepping glo veroordeel. Op die lang termyn kan sy aksies dalk meer sleg as goed vir ons as Christene beteken.

Daarom betreur ek die verloop van sake en dit moet ons ook laat besef ons het nie al die antwoorde op alles nie. Ons hoef geen "wetenskaplike" bewyse teen evolusie te soek nie, want ons het genoeg aan die Bybel. "Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuigenis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige" (Ps. 19:8). Verder moet ons ook besef dat woorde wek, maar voorbeelde trek. Laat dit vir ons 'n aansporing wees om nougeset te wandel (Ef. 5:15).

Voetspore

Hello moto

Soms is daar in jou daaglikse lewe sekere signs wat heel subtiel aandui dat die jaar tot 'n einde kom. Die kalender dui byvoorbeeld "November" of "Desember" aan. Dan moet jy net so 'n bietjie verder dink as wat jou neus lank is (jammer ___[vul naam in]___), en dan besef jy ineens dat die jaar einde se kant toe staan. En nie net staan nie, maar ook sit en lê.

Wat beteken dit vir ons vandag, soos die vraag dikwels op JV's lui? Meestal volg daar dan 'n stilte, maar vandag – pause for applause – het ek wel 'n antwoord. Die feit dat die jaar einde se kant toe staan, sit en lê, beteken vir ons vandag dat dit môre nog verder einde se kant toe staan, sit en lê. En verder kan ons aflei dat mense vakansie begin kry, planne maak vir hierdie einste vakansie, hul studies opskop en solank natuurlik voorstudie doen vir die lesings by kongres, want daarvoor kan 'n mens nie opskop nie. Fokusgroepe het al gevorm en hulle ontmoet elke Vrydagaand in Good for Fellas.

Haha, grappie! Wou net julle reaksie toets... Julle is so voorspelbaar: ek het geweet elkeen sal my direk bel. Om te vra hoe laat dit begin, natuurlik.

Alle grappies op 'n stokkie en ons kom terug op die einde van die jaar. Eindes gaan soms gepaard met afsluitings, en dit het die jeug van Pretoria dan ook op gepaste wyse gedoen met 'n braai in reënagtige weer. Dit is by die kerk gehou, en die jong nuwelinge wat volgende jaar die jeug verryk, is ook genooi. 'n Paar interessante gesigte is ontdek. Hierdie maand bespreek ons in Voetspoor die volgende persone: Sietze Snijder, Arend Pouwels, Rynier

Ros, Robert Hofsink, Charlotte de Jong, Annemarie Bijker, Leonie Middeljans en Anika Bosker. Mettertyd hoop ek dan om die res ook te cover.

Sietze Snijder is in Dirk Postma hoërskool, speel sokker en praat baie. Hy dink postmodernisme is nie 'n goeie ding nie (Phew! Glad got that off my chest!). Sy droom is om aktuaris te word, pa en eggenoot te wees en om eendag nie meer afhanklik te wees van koerantgeld nie.

Edwin van der Sar is in John Vorster hoërskool, en hou meer van stilbly. Sy held is Arend Pouwels, keeper van Manchester United. Oeps, wag... ek maak 'n foutjie. Mens raak só deurmekaar met daai twee. Kom ons begin weer. **Arend Pouwels** is blah blah blah blah en sy held is Edwin van der Sar blah blah blah. Arend hou nie van Engels nie, en dit is miskien die enigste rede wat hom uit die Barclays English Premier League hou, want soos julle miskien kon bemerk, is hy 'n uitsonderlike goalkeeper.

Robert Hofsink is al klaar 'n held, want hy is Willem the Hoff Hofsink se broer. Hierdie kry hom egter nie onder nie, en hy bly kalm onder druk. Sy droom is – obviously – om soos Willem te wees. Hy hang posters van Linkin Park, Green Day en Willem aan sy muur. Hierdie posters kan tewens bestel word by Robert en kos slegs R 50,- vir kerkmense.

Charlotte de Jong is ook nuut in die jeug, en ons sal nog baie van haar kant hoor, want sy is só erg teen postmodernisme dat dit – wat haar

betref – nie in die woordeboek is nie. Haar opinie oor WWE Smackdown is nie aan ons bekend nie. Sy kyk op na haar broer Jaco, want hy is at least 20 cm langer as sy. Die JS moet asseblief 'n aantekening maak dat Charlotte waarskynlik 'n goeie voorsitter sal wees. Sy hou naamlik nie van postmodernisme nie.

Annemarie Bijker is deel van 'n on-identiese tweeling en van die VGK. Sy glo demokrasie is 'n goeie sisteem, ondanks die feit dat dit effens postmodernisties is. Sy dink 'one person one vote' is goed. Ons president was baie bly om dit te hoor. Sy was weer bly om te hoor dis vakansie. Sy hou van baie dinge, maar swyg hieroor.

Leonie Middeljans swyg oor die meeste dinge. Sy gee nie regtig om oor postmodernisme nie, sy hou meer van roomys. Sy is Marjan, Hilda en Roelof se suster, en sy is in Hoërskool Oos Moot. Sy beplan om die aande voor JV 'n goeie nagrus in te kry (unlike Roelof) sodat sy Willem de Jager van sy JS Voorsitters-troon kan stoot. Sy dink nie 'n mens sal jou eie skoene kan eet as jy vas is in die oerwoud nie.

Anika Bosker hou van scrapbooking en krap gereeld op die scapyard rond vir aanvullings vir haar boek. Sy dink postmodernisme is sommer 'n klomp nonsens, maar dis jou opinie en ek het my opinie, en almal mag hulle eie opinie hê en jou opinie is reg vir jou en myne is reg vir my. Sy is die eerste in hul gesin wat in die jeug is, en sy beplan om vir eers nie JS Voorsitter te wees nie. Sy dink dat daar – met tegnologie – eendag 'n seun gebore sal word wat vinniger as 'n haai kan swem.

Dit was ook tyd om afskeid te neem van ons geliefde dominee Kleyn na Johannesburg. "You can take our minister, but you can't take our hearts!" het weerklink, maar ons is darem wel bly vir Johannesburg dat hulle nou ook 'n dominee het. Die situasie het so vir Roelof Middeljans gepla dat hy vir maande aaneen 'n slegte nagrus – en sodoende 'n slegte maandrus – gehad het en dikwels nie sy gesig kon wys by plekke nie. Eric Danielz het verval in obsessiewe coke-drinkery, maar dis okay, vanweë sy lifetime supply.

Dit bring my by die einde van hierdie sessie. Au revoir.
Voetspoor

Deur die sleutelgat

Welkom getroue lesers!

November sal onthou word as 'n maand van teenoorgesteldes. Meeste jeuglede het die maand met bloedbelope oë, spierwit gesigte en verwaarloosde kapsels half verslons rondgehoop. Dit was eksamens voor en agter, deurspek met verjaarsdae. Die verjaarsdae was dan ook van die weinige tye wat die jeug hulself gegun het om te ontspan. Die ander tydjie wat die manlike jeuglede ingeruim het vir ontspanning was sokker op saterdag. Dit is tot op hede 'n reuse sukses. Jonk en oud baljaar saam agter 'n bal aan. Stadig word daar ook nie begin nie. Sommer twee ure aaneen met 'n skamele vyf minute blaaskansie. Seer spiere was aan die orde van die dag.

Die Geertse is fikser as die res met hulle gereelde pretlope waar hulle aan deelneem. Elizabeth Aartsma is weer meer tuis in die water. Sy neem deel aan swem kompetisies. Fietsry het ook sy oplewing gemaak. Arie, Bernard en Rigardt koes vir bome, mik vir die modderpoele en probeer eenvoudig net op hul fietse bly om sodoende wedrenne te voltooi.

Rigardt het ordentlik die fietsry virus onder lede want hy daag selfs by die kerk op met sy fiets.

Om 'n verslag oor al die verjaarsdae te gee gaan 'n paar olielamp volumes opneem. Gevolglik gaan ek net die name noem en hulle van harte geluk wens. Adrian, Henriette, Christiaan, Rickert, Freddie en Harold. Baie geluk julle! Daar is nog baie op koms. Spesiale vermelding moet gemaak word van Marlize aangesien daar weens 'n tegniese probleem met die jeugsisteem haar naam nêrens vermeld word nie. Onverskoonbaar om een van ons gesiene jonge dames so af te skeep! Ake en Hilsje is hierdie jaar se kongres-ouers en aangesien hulle hul werk ernstig opneem en graag met die jeug skakel was daar by hulle koffiedrink. Die weer en hul stoep was so aangenaam dat ons lekker buite gesit het. Die omstandighede en ingrediënte was van so 'n aard dat daar diep, leersame gesprekke gevoer was. Marlize en Helène het die nadele van die moderne tegnologiese kommunikasie middels bespreek en noodsaaklike maatreëls om die probleem reg te

stel. Skype en SMS moet versigtig benader word. Verbale kommunikasie soos skryf (briewe bestaan nog) en praat moet by uitstek gebruik word. Dankie Andre en Hilsje!

Laastens was daar al vroeg 'n nuwe Jeug Sentrale gekies vir volgende jaar. Sodoende word die nuwe JS nie in die diep kant ingegooi nie. Die nuwe diktator is Adrian en sy medeleiers is: Corlia, Johan en Elizabeth Aartsma. Sterkte vir volgende jaar vir julle en die res van die JS.

Die nuwe jaar bring veranderings saam. Veral in die personeelafdeling. Chrisjan gaan vir 'n wyle

in Nederland vertoef, Erik-Jan gaan vertrek na Centurion, Wilna kom Kaap toe vir praktiese ondervinding. Onrusbarende nuus is die vertrek van ons staatmakers. Albert Drijfhout gaan ook Gauteng toe om klas te gee by Dirk Postma. Gelukkig word daar darem dubbel en dwars daarvoor opgemaak deur die terugkoms van ons geliefde broeder Ewart. Sterkte vir julle almal met die nuwe rigtings wat julle inslaan!

Onthou, kongres is om die draai! Sien julle daar!
Adieu

KONGRES 2006

TOEKOMSVERWAGTING EN HEILIGE GEES

Hierdie onderwerp kan slegs sinvol bespreek word indien daar 'n goeie begrip is van die Heilige Gees:

- Wie is die Heilige Gees – God of Goddelike krag?
- Werking van die Heilige Gees:
 - vermaan en leer (Joh. 14: 26)
 - wys die weg tot die volle waarheid (Joh. 16: 13)
 - oortuig van sonde (Joh. 16: 8)
 - gee moed om van die Here Jesus Christus te getuig (Joh. 15: 26 & 27)
 - is ons Leidsman (Gal. 5: 18)
 - help ons om te bid (Rom. 8: 26)

Aspekte van toekomsverwagting wat bespreek sal word:

- Dink ons na oor die toekoms?
- Waarheen is ons oppad? Toekoms op aarde as volwasse mense of op die nuwe hemel en nuwe aarde?
- Wat beteken dit om vervul te wees met die Heilige Gees?
- Hoe vind dit uiting in ons daaglikse lewe?
- Toon ons lewensblyheid soos die eerste apostels?
- Hoe dra ons Sy Naam uit? Hoe gaan ons met ander om?

Voorstudie materiaal:

- Rom. 8
- Openb. 22
- Hand. 5
- Gal. 5
- Sondag 20 Heidelbergse Kategismus
- NGB Artikel 11
- Eeuwig Leven – Ds R Timmerman

Gert Klapwijk

CHRISTELIKE LEWENSTYL EN TOEKOMSVERWAGTING

Is die onderwerp duidelik? Is dit twee onderwerpe onder een hofie? Het die twee iets met mekaar te doen? Het ons lewenstyl iets te doen met ons toekomsverwagting? Is daar iets soos 'n christelike lewenstyl? Wat is hierdie toekomsverwagting? Sjoue, 'n hele ses vraagtekens.

Die doel van hierdie skrywe is dan ook nie so dat al hierdie vrae beantwoord word nie. Maar wel om die omvang van die onderwerp onder oë te bring. Wat dan weer 'n bydrae kan lewer in die voorbereiding van hierdie onderwerp. En dat dit dan weer vervolgens 'n vrugbare eindresultaat mag oplewer op die kongres.

Ons kan nog 'n vraag toevoeg by die vorige ses. Is die onderwerp relevant? En die antwoord op die vraag is 'n definitiewe: JA. Christene is mense wat uitsien na 'n toekoms wat God vir sy kinders bewerkstellig het. En die verwagting van **die** toekoms is dan ook kenmerkend vir hulle lewe. Paulus wys daarop wanneer hy skryf: "Ons verheug ons ook in die hoop op die heerlijkheid van God" (Rom. 5:2 NV). Die bekering tot God, het juis alles te doen met "Sy seun uit die hemele te verwag" (1 Thess. 1:10). En Paulus bid dan ook dat die gemeente "oervloedig sal wees in **die** hoop" (Rom. 15:13).

Christene is mense met 'n lewendige hoop. Dit is uniek in 'n wêreld waar die mense al moed opgegee het vir 'n beter lewe. Jy moet maar die beste van 'n slegte saak maak, het hulle lewenshouding geword. Wel, in hierdie wêreld het ons 'n blye boodskap.

Kortliks net die volgende oor die onderwerp:

1. As ons praat oor Christelike lewenstyl dan is dit nogal vanselfsprekend dat die naam afgelei is van Christus; en dat die naam nie net aan Christus verbind word a.g.v van sy leer nie, maar ook Sy gedrag. (Ef. 5:1-21 en die Bergrede). (**Navolging van Christus**)
2. Navolging van Christus is tog iets anders as na-aap of naboots. Hierdie navolging volg Christus na in sy liefde, teenoor God en sy medemens. (1 Joh. 2:3-6). Lees ook Matt. 16:24-27 oor die opneem van **jou** kruis.
3. Iemand het eens gesê "Wie werklik Christus wil volg, sal in dinge soos saambly, seks voor die huwelik, geldbesteding, ontspanning, die huwelik, ens. baie gou agterkom dat hy in die oë van die wêreld en soms ook in die oë van die kerk 'n vreemdeling is. (**Vreemdelingskap**)
4. Die aartsvaders in Heb. 11 was vreemdelinge omdat hulle 'n hemelse vaderland verwag het (ook 1 Pet. 1:17).
5. Wat is ons ingestelheid van ons lewe op hierdie aarde? In die lig van die heerlijkheid wat vir ons wag, moet ons dan hierdie lewe verag, of mag ons van hierdie lewe geniet? Of is dit die een of die ander, met geen middeweg nie? Of is daar 'n ander weg? (**Rentmeesterskap**)
6. Moet ons as jeug na die wederkoms van Christus verlang, soos Paulus daarvoor skryf in Fil. 1:23?

Nou die heel moeilikste gedeelte, om vir julle voorstudiemateriaal te gee. Ek neem vol verwagting die boek "Die bron van my hoop" van 'n bekende Amerikaanse skrywer uit my boekrak en raai wat, ek soek onsuksesvol na enige verwysing van ons toekomsverwagting.

Calvyn se Institusie boek 3 hoofstuk 4 en 5 handel oor die oordenking van die komende lewe en hoe jy die teenwoordige lewe en sy hulpmiddels sal gebruik. Alhoewel ek (en ander mense) 'n probleem het met 'n sekere aspek van Calvyn se oordenking, is dit baie leersaam.

Vir dié wat nog Nederlands kan lees, beveel ek **dr J Douma se boek "Christelike Lewensstyl"** aan.

K Haak

KONGRES 2006

Hallo kongresganger!

Ons het al lank die tegnologiese era betree en diŀ tyd dat ons slim raak. Kongresgelde (bedrag op uitnodigingskaartjie) kan nou vooraf in my rekening inbetaal word. Wees gerus; jou geld is in veilige hande! Die rede hiervoor is dat ons nie met 'n klomp kontant opgeskeep sit tydens die kamp nie. Verder is dit dan een ding minder vir jou om te onthou. Sit net jou 'naam' onder verwysing, anders weet ek nie van wie die geld is nie. Ek sal voor Kongres 'n bankstaat trek om te sien wie betaal het, maar neem net om verwarring te voorkom die bankstrokie saam Kongres toe.

My bankbesonderhede:

Jan Geerts
ABSA Tjekrekening
Rekening nr. 406 480 6187
Takkode: 632005
Brackenfell

Sien jou daar
Jan Geerts
Kongresvoorsitter

⌘ ⌘

Die Olielamp redaksies wens u almal
'n geseënde feestyd en 'n voorspoedige 2007 toe.

⌘ ⌘

BBB of BB

Hul wonder dag en nag daaroor
pynig hul verstand van agter en voor.
Hoe het die aarde tog ontstaan
wat het die heelal se vorming gebaan?

Na veel studie vind hul dit uit,
'n Big Bang het die heelal ontsluit!
Die ontdekking het almal met blydschap vervul
salig onbewus van die gekul.

Nou is niks verborge meer
wie kan die mense verstand nog keer?
Uiteindelik! Die oplossing het gekom.
Ons het ontstaan uit 'n bom!

Oerknal word wêreld in gestuur,
maar almal verstaan dit op sy manier.
Sekeres begin om bomme te bou,
wil hul eie heelal ontvou.

Koning wil hul wees
met 'n heelal wat hul vrees.
Monsters neem die wêreld oor,
deur die ontploffings-teorie word baie vermoor...

Vergeet is die Belofte, Bevel en Bedreiging
en min wat die Verbond nog besing.
In die Bybel word die begin beskryf,
maar die spot word daarmee gedryf.

God se Bevel word aan die kant geskuif
en oor Sy Bedreiging word spottend gekyf.
Maar ondertussen val die bomme neer
die wêreld is paradys nie meer.

Want God het hul spot stem gehoor,
met Sy Bedreiging sal Hy hul deurboor.
Geagte leser, leer dan tog nou
van hul wat God se Verbond nie as skat wou hou.

Willem Feenstra, 2005

Bid vir ...

- Vrede in Sudan, Kongo en Irak
- Suksesvolle Kongres
- Veilige feestyd



Verjaarsdae

DESEMBER 2006

Johannesburg

Glen Howell 20-Dec

Kaapstad

Jaco Haak 8-Dec

Elisabeth Riamond 10-Dec

Anja Luijk 12-Dec

Olga v/d Hout 13-Dec

Maranata

Maryke Aartsma 9-Dec

Matthijs v/d Hout 13-Dec

Marinus v/d Hout 19-Dec

Pretoria

Carina Bijker 5-Dec

Tanya de Vente 7-Dec

Lientjie Stolper 17-Dec

Timo Schuring 28-Dec

JANUARIE 2007

Bethal

Marius Porter 13-Jan

Jaques Bisset 21-Jan

Kaapstad

Emile van Zyl 3-Jan

Albert Drijfhout 4-Jan

Elsje Scheltens 10-Jan

Maranata

Ronnie v/d Veen 7-Jan

Cornelia de Jager 14-Jan

Kosie de Jager 18-Jan

Jaco van der Berg 23-Jan

Pretoria

Iwan Agema 3-Jan

Jaco de Jong 4-Jan

Hans de Wit 9-Jan

Rudy de Vente 12-Jan

Marjan Middeljans 15-Jan

Willemien Ros 17-Jan

Petro van der Walt 17-Jan

Arjan van

Houwelingen 18-Jan

Janita Agema 25-Jan

Klazine v/d Sluis 27-Jan

Renatha de Jager 28-Jan